# Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel: 19

## DIE TWEE NATURE VAN CHRISTUS

## Nederlandse Geloofsbelydenis — DIE TWEE NATURE VAN CHRISTUS — Artikel: 19



Ons glo dat deur hierdie ontvangenis die Persoon van die Seun onafskeidelik met die menslike natuur verenig en verbind is; dat daar dus nie twee Seuns van God of twee persone is nie maar twee nature in een Persoon verenig, terwyl elke natuur nogtans sy onderskeie eienskappe behou. Net soos die Goddelike natuur altyd ongeskape gebly het, sonder begin van dae of lewenseinde (Heb 7:3) en die hemel en aarde vervul, só het ook [illegible]nslike natuur sy eienskappe nie verloor nie; dit het skeps[illegible] wat wel 'n begin van dae het, ein[illegible] natuur is en alles behou wat by 'n ware liggaam behoort.

Hoewel Hy da[illegible] deur sy opstanding onsterflikheid gegee het, het Hy die egtheid v[illegible]enslike natuur nie v[illegible] nie, omdat ons saligheid en ons opstanding ook van die egtheid va[illegible]gaam afhanklik is[illegible]

Hierdie t[illegible]ture is só saam in een persoon verenig dat hulle selfs deur sy dood nie van[illegible]r geskei was ni[illegible]at Hy by sy sterwe in die hande van sy Vader oorgegee het, was dus 'n ware m[illegible] gees wat u[illegible]gaam uitgegaan het[illegible]

Di[illegible]ie g[illegible] die Godheid Hom toe 'n klein tydjie nie geopenbaar nie. Ons bely daarom dat Hy ware God en ware mens is: ware God om deur sy krag die dood te oorwin, maar ook ware mens om deur die swakheid van sy vlees vir ons te kon sterwe.

## Nederlandse Geloofsbelydenis — DIE TWEE NATURE VAN CHRISTUS — Artikel: 19

Ons glo dat deur hierdie ontvangenis die Persoon van die Seun onafskeidelik met die menslike natuur verenig en verbind is;



Johannes 1:14: En die Woord het vlees geword en onder ons kom woon, en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos dié van die unieke Seun van die Vader – vol genade en waarheid.

Johannes 10:30: Ek en die Vader is een.

Romeine 9:5: aan hulle behoort die voorvaders, en uit hulle het ook die Christus as mens gekom – Hy wat God bo alles is, lofwaardig vir ewig! Amen.

Filippense 2:6-8: Hoewel Hy in die gestalte van God was, het Hy gelykheid aan God nie beskou as iets om aan vas te klem nie, maar Hy het Homself daarvan leeggemaak, deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy in die vorm van 'n mens verskyn het, het Hy Homself verneder, deurdat Hy gehoorsaam geword het tot die dood toe, ja, die dood aan die kruis.

## Nederlandse Geloofsbelydenis DIE TWEE NATURE VAN CHRISTUS Artikel: 19

Ons glo dat deur hierdie ontvangenis die Persoon van die Seun onafskeidelik met die menslike natuur verenig en verbind is; dat daar dus nie twee Seuns van God of twee persone is nie maar twee nature in een Persoon verenig, terwyl elke natuur nogtans sy onderskeie eienskappe behou. Net soos die Goddelike natuur altyd ongeskape gebly het, sonder begin van dae of lewenseinde en die hemel en aarde vervul,

Matteus 28:20: en hulle te leer om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae, tot aan die voleinding van die tyd.”

Hebreërs 7:3: Hy was sonder vader, sonder moeder, sonder stamboom; sy lewe was sonder begin en sonder einde, maar, soortgelyk aan die Seun van God, bly hy priester vir altyd.

Nederlandse Geloofsbelydenis DIE TWEE NATURE VAN CHRISTUS Artikel: 19

Ons glo dat deur hierdie ontvangenis die Persoon van die Seun onafskeidelik met die menslike natuur verenig en verbind is; dat daar dus nie twee Seuns van God of twee persone is nie maar twee nature in een Persoon verenig, terwyl elke natuur nogtans sy onderskeie eienskappe behou. Net soos die Goddelike natuur altyd ongeskape gebly het, sonder begin van dae of lewenseinde (Heb 7:3) en die hemel en aarde vervul, só het ook die menslike natuur sy eienskappe nie verloor nie; dit het skepsel gebly, wat wel 'n begin van dae het, eindig van natuur is en alles behou wat by 'n ware liggaam behoort.

Hoewel Hy daaraan deur sy opstanding onsterflikheid gegee het, het Hy die egtheid van sy menslike natuur nie verander nie,

Matteus 26:11: Die armes het julle altyd by julle, maar vir My het julle nie altyd nie.

Lukas 24:39: Kyk na my hande en my voete, dit is Ek self! Vat aan my, en kyk – 'n gees het nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie."

Johannes 20:25: Die ander dissipels sê toe vir hom: "Ons het die Here gesien!" Maar hy het vir hulle gesê: "As ek nie die merke sien van die spykers in sy hande en my vinger nie steek in die spykermerke, en my hand nie in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie."

Handelinge 1:3: Aan hulle het Hy, ná sy lyding, deur talle tekens getoon dat Hy leef, toe Hy oor 'n tydperk van veertig dae aan hulle verskyn en met hulle oor die sake van die koninkryk van God gepraat het.

Handelinge 1:11: en vra: "Galileërs, waarom staan en staar julle na die hemel? Hierdie Jesus, wat van julle na die hemel weggeneem is, sal net so terugkom soos wat julle Hom na die hemel sien weggaan het.

Hebreërs 2:9: Maar ons sien Jesus, met heerlikheid en eer gekroon, Hy wat deur sy lyding tot in die dood vir 'n kort rukkie minder as die engele gemaak is, sodat Hy, deur God se genade, ter wille van almal die dood sou ervaar.

## Nederlandse Geloofsbelydenis — DIE TWEE NATURE VAN CHRISTUS — Artikel: 19

Hoewel Hy daaraan deur sy opstanding onsterflikheid gegee het, het Hy die egtheid van sy menslike natuur nie verander nie, omdat ons saligheid en ons opstanding ook van die egtheid van sy liggaam afhanklik is.



1 Korintiërs 15:13: As daar geen opstanding van dooies is nie, is Christus ook nie opgewek nie.

1 Korintiërs 15:21: Want aangesien die dood deur 'n mens gekom het, kom die opstanding van dooies ook deur 'n mens.

Filippense 3:21: Want aangesien die dood deur 'n mens gekom het, kom die opstanding van dooies ook deur 'n mens.

Nederlandse Geloofsbelydenis

# DIE TWEE NATURE VAN CHRISTUS

Artikel: 19

Hierdie twee nature is só saam in een persoon verenig dat hulle selfs deur sy dood nie van mekaar geskei was nie. Dit wat Hy by sy sterwe in die hande van sy Vader oorgegee het, was dus 'n ware menslike gees wat uit sy liggaam uitgegaan het.

Matteus 27:50: Toe het Jesus weer met 'n harde stem uitgeroep en sy asem uitgeblaas

Lukas 23:46: Met 'n harde stem het Jesus uitgeroep: “Vader, in u hande gee Ek my gees oor!” Nadat Hy dit gesê het, het Hy sy asem uitgeblaas.



Die Goddelike natuur het in die tussentyd steeds met die menslike natuur verenig gebly, ook toe Hy in die graf gelê het.

Romeine 1:4: wat na die Gees van heiligheid op grond van sy opstanding uit die dood kragtig aangedui is as die Seun van God –

Die Godheid het nie opgehou om in Hom te wees nie; dit was in Hom toe Hy 'n klein kindjie was, al het die Godheid Hom toe 'n klein tydjie nie geopenbaar nie. Ons bely daarom dat Hy ware God en ware mens is: ware God om deur sy krag die dood te oorwin, maar ook ware mens om deur die swakheid van sy vlees vir ons te kon sterwe.

Ons glo dat deur hierdie ontvangenis die Persoon van die Seun onafskeidelik met die menslike natuur verenig en verbind is; dat daar dus nie twee Seuns van God of twee persone is nie maar twee nature in een Persoon verenig, terwyl elke natuur nogtans sy onderskeie eienskappe behou. Net soos die Goddelike natuur altyd ongeskape gebly het, sonder begin van dae of lewenseinde (Heb 7:3) en die hemel en aarde vervul, só het ook die menslike natuur sy eienskappe nie verloor nie; dit het skepsel gebly, wat wel 'n begin van dae het, eindig van natuur is en alles behou wat by 'n ware liggaam behoort.

Hoewel Hy daaraan deur sy opstanding onsterflikheid gegee het, het Hy die egtheid van sy menslike natuur nie verander nie, omdat ons saligheid en ons opstanding ook van die egtheid van sy liggaam afhanklik is.

Hierdie twee nature is só saam in een persoon verenig dat hulle selfs deur sy dood nie van mekaar geskei was nie. Dit wat Hy by sy sterwe in die hande van sy Vader oorgegee het, was dus 'n ware menslike gees wat uit sy liggaam uitgegaan het.

Die Goddelike natuur het in die tussentyd steeds met die menslike natuur verenig gebly, ook toe Hy in die graf gelê het.

Die Godheid het nie opgehou om in Hom te wees nie; dit was in Hom toe Hy 'n klein kindjie was, al het die Godheid Hom toe 'n klein tydjie nie geopenbaar nie. Ons bely daarom dat Hy ware God en ware mens is: ware God om deur sy krag die dood te oorwin, maar ook ware mens om deur die swakheid van sy vlees vir ons te kon sterwe.

Ons glo dat deur hierdie ontvangenis die Persoon van die Seun onafskeidelik met die menslike natuur verenig en verbind is[1]; dat daar dus nie twee Seuns van God of twee persone is nie maar twee nature in een Persoon verenig, terwyl elke natuur nogtans sy onderskeie eienskappe behou. Net soos die Goddelike natuur altyd ongeskape gebly het, sonder begin van dae of lewenseinde (Heb 7:3) en die hemel en aarde vervul[2], só het ook die menslike natuur sy eienskappe nie verloor nie; dit het skepsel gebly, wat wel 'n begin van dae het, eindig van natuur is en alles behou wat by 'n ware liggaam behoort.

Hoewel Hy daaraan deur sy opstanding onsterflikheid gegee het, het Hy die egtheid van sy menslike natuur nie verander nie[3], omdat ons saligheid en ons opstanding ook van die egtheid van sy liggaam afhanklik is[4].

Hierdie twee nature is só saam in een persoon verenig dat hulle selfs deur sy dood nie van mekaar geskei was nie.

Dit wat Hy by sy sterwe in die hande van sy Vader oorgegee het, was dus 'n ware menslike gees wat uit sy liggaam uitgegaan het[5].

Die Goddelike natuur het in die tussentyd steeds met die menslike natuur verenig gebly, ook toe Hy in die graf gelê het[6].

Die Godheid het nie opgehou om in Hom te wees nie; dit was in Hom toe Hy 'n klein kindjie was, al het die Godheid Hom toe 'n klein tydjie nie geopenbaar nie. Ons bely daarom dat Hy ware God en ware mens is: ware God om deur sy krag die dood te oorwin, maar ook ware mens om deur die swakheid van sy vlees vir ons te kon sterwe.

1 Johannes 1:14; Johannes 10:30; Romeine 9:5; Filippense 2:6-8
2 Matteus 28:20; Hebreërs 7:3
3 Matteus 26:11; Lukas 24:39; Johannes 20:25; Handelinge 1:3; Handelinge 1:11; Hebreërs 2:9
4 1 Korintiërs 15:13; 1 Korintiërs 15:21; Filippense 3:21
5 Matteus 27:50; Lukas 23:46
6 Romeine 1:4